

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 21, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan & Feb 2021 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Die Wêreld van Môre-tydskrif groei in 2021

Goeie nuus! Die Engelse *Tomorrow's World*-tydskrif sal vanaf ses uitgawes per jaar, soos voorheen, na *tien* uitgawes per jaar vermeerder word. Die Afrikaanse *Wêreld van Môre*-tydskrif sal egter steeds ses keer per jaar verskyn. Gedurende 'n jaar wat almal bly was om dit te sien eindig, toe ekonomiese regoor die wêreld tot stilstand gekom het, het God vir ons hierdie groei moontlik gemaak. Slegs vir April-Mei en Oktober-November sal ons twee-maandelikse uitgawes in Engels publiseer.

Ons verminder die tydskrif se grootte van 36 bladsye na 32, maar u sal eintlik meer as 100 bykomende bladsye van die Engels tydskrif ontvang oor die loop van 'n jaar. God het ons in 'n posisie geplaas waar ons glo dat dit volhoubaar is en ons sien daarna uit om meer gereeld met u in aanraking te kom. Die vermeerderde jaarlikse inhoud sal ook 'n groter verskeidenheid van skrywers bied.

Gedurende dieselfde tydperk in 2020 was daar 'n 33% toename in *Tomorrow's World/Wêreld van Môre*-intekenaars – 'n toename van oor die 100,000 intekenaars binne een jaar. Dus het die aantal intekenaars op ons Engelse tydskrif vir Januarie 2021 op meer as 420,000 te staan gekom. Alhoewel dit wonderlike nuus is, moet ons ongelukkig die getal intekenaars binne die beperking van ons begroting hou en ons doen dit met 'n aktiewe

vernuwingsprogram. Wanneer 'n intekenaar ons vir 'n lang tyd nie gekontak het nie, stuur ons aan daardie persoon 'n hernuwingskennisgewing. Aangesien die tydskrif nou – asook in die toekoms – gratis gestuur sal word, wil ons weet of die mense nog steeds belangstel om dit te ontvang, nog by die adres woon waarheen ons hulle uitgawes stuur en of sommige mense dalk verkies om die tydskrif aanlyn te lees. Jammer dat dit ook nodig is – ons wil graag weet of hulle nog in die land van die lewendes is!

Indien u dus 'n kennisgewing rakende her-nuwing ontvang en nog steeds hierdie tydskrif wil ontvang, stuur asseblief die kennisgewing terug, hernu u intekening aanlyn of skakel die kantoor naaste aan u en laat ons weet of u wil voortgaan om u gratis eksemplaar van die *Wêreld van Môre* te ontvang. Soos ek ons personeel soms daaraan herinner, is ons doel om 'n groot getal *lesers* te hê en nie net 'n groot aantal *intekenaars* nie. Ons is nietemin dankbaar om soveel nuwe intekenaars te hê en ons waardeer ons intekenaars wat al lank ons *Wêreld van Môre* lees en van nut vind, nét so baie.

Gereed vir 'n herstelling

Almal sien uit na 'n beter en minder traumatiese 2021, wat dalk of dalk nié sal realiseer nie. Volgens Bybelse profesieë, moet daar nog baie geopolitieke

en kulturele veranderings plaasvind voor die Wederkoms van Jesus Christus. Aanduidings van dramatiese veranderings is oral om ons. Met alles wat in 2020 gebeur het, kan 'n mens vergewe word indien mens nie van die "Groot Herstelling" weet nie. Die meeste mense sal waarskynlik binnekort daarvan te wete kom, maar of dit sal realiseer, moet nog gesien word. Indien dit wel gebeur sal ons wêreld dramaties verander, soos 'n leser van *The Hill* tydskrif sy mening gelug het:

Op 'n virtuele vergadering wat in Junie 2020 aangebied is deur die Wêreld Ekonomiese Forum, het sommige van die planeet se invloedrykste sakeleiers, regeringsamptenare en aktiviste 'n voorstel aangekondig om die wêreld-ekonomie te "herstel". In plaas van tradisionele kapitalisme, het die hoëprofiel-groep gesê die wêreld behoort meer sosialistiese beleide te aanvaar, dinge soos welvaartbelasting, bykomende regulasies en omvangryke regeringsprogramme soos die "Green New Deal" ("Introducing the 'Great Reset,' world leaders' radical plan to transform the economy," *The Hill*, 25 Junie 2020).

Klaus Schwab, stigter en uitvoerende voorsitter van die Wêreld Ekonomiese Forum, is van mening dat dit nodig is om "alle aspekte van ons samelewings en ekonomieë op te knap" (*The Hill*). Dit is duidelik dat die Groot Herstelling baie

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Die Wêreld van Môre-tydskrif groei in 2021

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Drie pilare van stabiliteit in moeilike tye

3

Ons leef in tye van chaos en onsekerheid. Tog het God aan ons merkwaardige bronne van krag en stabiliteit gegee om ons hierdeur te help.

Genade: Vrygesprek om te sondig?

9

Genade is 'n wonderlike geskenk van God. Tog word dit dikwels verkeerd verstaan. Hoe kan u seker wees u maak die meeste van God se genade in u lewe?

Na die beeld van God

15

Wat het van die Christelike van Christus geword?

16

Die hoofstroom Christendom het byna alles wat Christus werklik geleer het verloor, maar Sy Ware manier van lewe is nie 'n geheim nie.

Velde van Vlaandere en die vallei van droë bene

20

Om "u vyande lief te hê"

21

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Die werke van Sy hande

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Drie pilare van stabiliteit in moeilike tye

Deur Gerald E. Weston

Almal hou van 'n vakansiedag – dit lyk altans of die meeste van ons daarvan hou. Vakansiedae kan ons 'n blaaskans gee van besige en vermoeiende werkskedules. Ons kan dalk tyd saam met vriende en familieledede deurbring wie ons vir lank nie gesien het nie. Daar kan dalk spesiale kos voorberei word vir 'n maaltyd op 'n vakansiedag. Ons het dalk die geleentheid om oor 'n geskiedkundige nasionale gebeurtenis na te dink of om 'n beroemde persoon te vereer wat baie vir ons land opgeoffer het. Daar kan dalk selfs spesiale openbare geleenthede wees – moontlik 'n optog of 'n sportgeleentheid wat ons graag wil sien.

Natuurlik kan daar ook 'n ander kant van die vakansiedae wees. Ons sit moontlik gespanne op stampvol lughawens, in verkeersknoppe en ou wonde wat tydens familiebyeenkomste weer oopgekrap word. In 2020 beleef ons nog die ekstra spanning van die pandemie. Hoeveel mense wat van groot familiebyeenkomste hou, bevind hulle alleen op dae wat eenmaal pret en saamkuier ingehou het? Hoeveel introverte wat vroeër die gewoel van die vakansiedae gevrees het, wens nou dat hulle ten minste 'n *bietjie* meer kontak met vriende en geliefdes kan hê?

Moontlik is ons in 2020 meer

as ooit daaraan herinner dat daar meer aan 'n vakansiedag behoort te wees as net 'n geleentheid vir pret. Hoeveel mense regoor die wêreld het die jaar op die onafhanklikheidsdag van hulle land, stilweg oor hulle seëninge besin in plaas daarvan om saam met vriende partytjie te hou? Hoeveel mense het dae by die werk afgeneem en dankbaar gevoel vir die voorreg van goeie gesondheid en die vermoë om enigsins te kán werk? Hoeveel mense het 'n eensame Dankseggingdag deurgebring en nagedink oor die baie seëninge wat nog in hulle lewens oorgebly het, selfs in tye van nasionale spanning?

Vakansiedae is natuurlik nie net nasionale geleenthede nie. Baie godsdienste onderhou “heilige dae” – trouens, dit is waar die Engelse woord “holiday” vandaan kom. Wat maak 'n dag egter Heilig? Hoe kan ons weet of 'n dag Heilig is? Volgens die Skrif word iets wat “Heilig” is, “afgesonder” van dít wat níe heilig is nie. In 'n wêreldse sin word Veteraansdag, Werkersdag en ander soortgelyke dae “afgesonder” van gewone dae op die kalender. 'n Heilige Dag in die Bybelse sin is egter iets baie besonder. Dit is 'n dag wat *God Self* vir Sy volk *afgesonder het*. U Bybel bevat 'n lys van *verskeie* spesiale dae wat God as Heilige

Dae afgesonder het.

Watter dae het God afgesonder? Baie mense is verbaas om te verneem dat die Bybel nie eers “Kersfees” of “Paasfees” [*Easter*] noem nie, alhoewel die *King James Version* die Griekse woord *pascha* in Handeling 12:4 foutief vertaal as Paasfees, in plaas van die regte woord “Pasga”. Nóg meer mense is verbaas wanneer hulle ontdek watter dae in die Bybel as Heilig afgesonder word. Verbasend genoeg het verskeie gewilde “Christelike” vakansiedae nie hulle oorsprong in die Bybel nie, maar in heidense tradisies – ten spyte daarvan dat God Sy volk beveel om die tradisies van hulle heidense bure te verwerp (Deuteronomium 12:29-32; Jeremia 10:1-5)!

Nasionale vakansiedae

God se bevel om heidense gewoontes te verwerp, beteken nie dat ons verbied word om toepaslike nasionale of federale vakansiedae te vier nie. Jesus self het 'n nasionale vakansiedag onderhou wat deur die Joodse volk onderhou is. Ons lees in Johannes 10:22-23 dat Jesus aan die Fees van die tempelwyding deelgeneem het. Dit is nie een van die Bybelse Feeste wat God vir antieke Israel beveel het nie, maar was eerder in baie opsigte gelykstaande

aan 'n nasionale Joodse “Dankseggingsdag”. (Met verloop van tyd het dit ontwikkel tot die nasionale vakansiedag wat die Joodse gemeenskap tans “Hanukkah” noem.)

Vandag het baie nasies 'n Dankseggingsdag. Op 3 Oktober 1789 het die V.S. president, George Washington, 'n Dankseggingsproklamasie uitgevaardig. Hy het verklaar: “Dit is die plig van alle nasies om die voorsiening van die almagtige God te erken, om Sy wil te gehoorsaam, om dankbaar te wees vir die voordele wat Hy ons bied en om nederig vir Sy beskerming en guns te smee” (“*Thanksgiving Proclamation, 3 October 1789,*” *Archives.gov*). Die V.S. vier sedert 1942 Dankseggingsdag op die vierde Donderdag van November, in navolging van president Franklin Delano Roosevelt se opdrag om daardie datum vas te stel. Kanadese vier hulle Dankseggingsdag op die tweede Maandag van Oktober.

Oorspronklik was Dankseggingsdag ingestel as 'n tyd om ons innige dank aan God te betuig. Erken ons egter werklik vir God as ons Voorsiener of maak ons staat op ons persoonlike besittings en krag vir veiligheid? Dankseggingsdag is 'n goeie tyd om na te dink oor ons seëninge, ons doel en ons toekoms, individueel asook nasionaal.

Tog het God aan ons 'n *ander* dag gegee waarop ons Hom kan bedank en oor ons seëninge kan nadink.

'n Weeklikse vakansiedag?

Die Vierde Gebod sê aan God se volk om die sewende dag van die week Heilig te hou.

“Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig” (Exodus 20:8-11).

God het die sewende-dag Sabbat tydens die skepping afgesonder. Dit is waarom ons beveel word “Gedenk die sabbatdag”. Behoort Nuwe-Testamentiese Christene egter daardie dag as hulle weeklikse aanbiddingsdag te beskou? Indien u nog nie die artikel in die *Wêreld van Môre*-tydskrif van Julie – Augustus 2021 gelees het nie, kan u dit gerus doen: “Wie het die Sabbat na Sondag verander?”

Eenvoudig gestel, geen mens kan die dag wat God vir aanbidding uitgekies het verander nie. Dit was die Roomse kerk wat Sondag-

aanbidding verpligtend verklaar het. Dit was eers in die vierde eeu n.C. dat die Romeinse keiser Konstantyn, Sondag-aanbidding regdeur die hele Romeinse Ryk afgedwing het. As eertydse amptelike aanbieder van *Sol Invictus* (Onoorwonne Son) het hy in 321 n.C. die volgende verordening uitgevaardig: “Laat alle landdroste en mense van die stad en almal wat as ambagsmanne werk, op die eerbiedwaardige dag van die son rus” (*The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge, 1911, vol. 11, bl. 147*). Deur dit te doen het Konstantyn 'n gebruik afgedwing wat vreemd was vir Jesus Christus en Sy eerste-eeuse Kerk.

Met betrekking tot die onderwerp van “Sondag”, gee die *Katolieke Ensiklopedie* toe dat “Tertullianus (202 [n.C.]) die eerste skrywer was wat spesifiek melding gemaak het van die Sondagsrus. 'Ons behoort egter (netsoos die tradisie ons geleer het), op die dag van die Opstanding van die Here, te waak daarteen om nie net neer te kniel nie, maar ook teen elke liggaamshouding en amp; en selfs om ons besighede uit te stel, sodat ons nie 'n plek aan die duiwel kan gee nie” (1912, vol. 14, bl. 335). Dit was eers in 202 n.C., meer as 170 jaar ná die begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk!

Ja, die Roomse kerk het op so 'n verandering aangedring! In die middel van die vierde eeu n.C. het die Raad van Laodicéa

verklaar: “Christene sal nie verjoods en ledig wees op Saterdag nie, maar sal werk op daardie dag; maar die dag van die Here sal hulle spesiaal eer en omdat hulle Christene is, sal hulle, indien moontlik, op daardie dag géén werk doen nie. Indien daar egter gevind word dat hulle verjoods sal hulle van Christus uitgesluit word” (*A History of the Councils of the Church, 1876*, deel 2, bl. 316). Met ander woorde, Christelike Sabbatsonderhouers wat voortgegaan het om die persoonlike voorbeeld van Jesus Christus en Sy oorspronklike dissipels te volg, was as kettters verklaar en was uitgesluit van die kerklike gemeenskap van Christus.

Op watter gesag het die Roomse kerk so 'n verandering aangebring? In 1876 het die bekende Katolieke teoloog James Cardinal Gibbons dit gewaag om hierdie bekentenis te maak deur te skryf: “U mag die Bybel van Génesis tot Openbaring lees en u sal nie 'n enkele reël vind wat die heiliging van Sondag magtig nie. Die Skrif dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af – 'n dag wat ons nooit heilig nie” (*The Faith of Our Fathers, 1917*, bl. 97).

Met ander woorde, Gibbons sê dat indien die Bybel u gesag is, het u *geen* basis om Sondag te onderhou nie. Hy meld dat die Skrif “die godsdienstige onderhouding van Saterdag afdwing”. Ons stem saam met hierdie stelling. Stem u saam? Die Roomse kerk het hulleself die gesag aangematig om God se

Heilige Dag van Saterdag na Sondag te verskuif! As Christene word ons egter in die Skrif aangesê om *Christus* en die Apostels te volg net soos *hulle* Christus gevolg het. Sal u dus doen wat Jesus gedoen het? Sal u Sy voorbeeld volg as “Here ook van die Sabbat” (Markus 2:28)?

Jaarlikse Heilige Dae

Jesus het nie net die sewende-dag Sabbat getrou onderhou nie, maar ook die sewe jaarlikse Heilige Dae wat God die Vader vir almal in Sy volk bepaal het. Hierdie jaarlikse Heilige Dae was ook deur die vroeë Nuwe-Testamentiese Kerk onderhou. Die Bybel wys ons nie daarop dat Jesus of Sy dissipels die feeste van vreemde nasies nagevolg het nie, maar wel dat hulle die Heilige Dae, soos in Levitikus 23 aangeteken is onderhou het – die weeklikse Sabbat (vers 3) asook die jaarlikse Heilige Dae (verse 4-43).

Baie mense wat hulleself Christene noem, besef nie dat die apostel Paulus die nie-Joodse Christene beveel het om die Dae van Ongesuurde brode te onderhou nie – die jaarlikse Fees wat dirék na die jaarlikse Pasga-onderhouding plaasvind – wat Jesus ook gehou het, net soos die Christene vandag behoort te doen. Paulus het beveel: “Laat ons dan feesvier, [van die ongesuurde brode] nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid

en waarheid” (1 Korinthiërs 5:8). Die tweede hoofstuk van die boek Handelingte toon aan dat die dissipels ná Jesus se dood en opstanding steeds die Heilige Pinksterdag onderhou het. Nóg 'n bevestiging dat Jesus die jaarlikse Heilige Dae onderhou het, word gevind in Johannes 7, waar Jesus aan Sy broers gesê het om na Jerusalem op te gaan vir die Huttefees (vers 8) en kort daarna Sêlf ook gegaan het (vers 14).

Kan u Christus in Kersfees vind?

Ons verbly ons in die opstanding van ons Verlosser, Jesus Christus. Ons is verheug oor die vervulling van Bybelse profesieë ten opsigte van die geboorte van die Messias, wat in die Evangelies opgeteken is, die eerste vier boeke van die Nuwe Testament. Vier die “Kersfees”-vakansiedag egter daardie wonderlike gebeurtenis akkuraat? Enige betroubare geskiedskrywer sal sê: *Nee!* Hou eerder in gedagte wat die *Encyclopaedia Britannica* se artikel “Saturnus” aan ons vertel omtrent die rol van die voor-Christelike Saturnalieë, wat ...

... die heel gewildste van die Romeinse feeste geword het. Die invloed daarvan duur steeds in die Westerse wêreld voort. Dit is oorspronklik op 17 Desember gevier, maar later is dit tot sewe dae verleng. Dit was die vrolikste fees van die jaar: Alle werk en besig-

hede is gestaak; slawe het tydelike vryheid verkry om te sê en te doen wat hulle wou; sekere morele beperkings is tydelik opgehef en geskenke is vrylik uitgeruil. Die Saturnalieë het 'n direkte invloed op die feestelikhede van Kersfees en Nuwejaar (*Micropaedia*, 1974, deel 8, bl. 916).

Saturnus was nie die enigste god wat deur die Romeine aanbid was nie. Hulle het ook die songod Mithras aanbid en vereer as beskermheer van die Romeinse Ryk. U kan dit vind in die *Encyclopaedia Britannica* se artikel oor “Mithraism” (*Britannica.com*, 5 Februarie 2020). Die Romeine het die *geboorte* van die songod gevier – maar wanneer? Lees dit ook in die *Encyclopaedia Britannica*: “25 Desember – die geboortedag van Mithras, die Iranse god van lig en 'n dag wat aan die onoorwinlike son gewy was asook die dag ná die Saturnalia – is deur die kerk as Kersfees, die geboorte van Christus aangeneem” (“Feast,” *Britannica.com*, 7 Februarie 2019).

In die vierde eeu n.C. het die Roomse kerk met die heidense feeste en gebruike van die Saturnalia asook die aanbidding van Mithras op 25 Desember meegeding. Die kerk het probeer om bekeerlinge te werf deur 'n heidense fees te “verchristelik” en het wel daarin geslaag. Lees ook hierdie

gedeelte uit die *Encyclopaedia Britannica*:

Christendom ... was die godsdiens wat in die Romeinse wêreld geheers het. Dit het keiser Konstantyn se impulsiewe drang na goddelike ondersteuning bevredig. Vanaf 312 n.C. en verderaan het dit, deur 'n ingewikkelde en geleidelike proses, die amptelike godsdiens van die ryk geword ... Vir 'n tyd lank is daar voortgegaan deur muntstukke en monumente om Christelike leerstellings te verbind met die aanbidding van die son, waaraan Konstantyn voorheen verslaaf was. Selfs toe hierdie fase tot 'n einde gekom het, het die Romeinse heidendom steeds voortgegaan om ander permanente invloede, groot en klein, uit te oefen ... Die kerklike kalender handhaaf steeds talle oorblyfsels van voor-Christelike feeste – veral Kersfees, wat elemente vermeng wat die fees van Saturnalieë en die verjaardag van Mithras insluit (“*Roman religion*,” *Britannica.com*, 2 Mei 2016).

Ja, die geskiedenis bevestig dat die *Romeinse heidendom*

die kerklike kalender, veral Kersfees, gevorm het. Hierdie kompromie wat lank gelede met die heidendom aangegaan is duur vandag nog voort onder honderde miljoene aanbidders!

Konyne wat eiers lê?

Die viering van Paassondag verskil regoor die wêreld. Daar is egter geen onderhouding van Paasfees in u Bybel nie en Jesus het op die *sewende* dag van die week uit die dood opgestaan, nie op die eerste dag nie! Ons weet dat Jesus drie dae en drie nagte – 72 uur – in die graf deurgebring het. Hy het dit Self voorspel en hierdie *teken van Jona* was die enigste *bewys van Sy Messias-skap* wat Hy vooraf aan Sy teëstanders gegee het!

“TOE spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Matthéüs 12:38-40).

Daar is geen manier om 'n “Goeie Vrydag”-kruisiging en

Sondagopstanding te laat ooreenstem met die 72-uur lange “teken van die profeet Jona” wat Jesus gegee het nie. In werklikheid is dit nie nodig nie! Ons Verlosser is gekruisig op 'n dag voor 'n Sabbat, maar dit was op die Woensdag voor 'n *jaarlikse* Sabbat, die eerste dag van Ongesuurde Brode en nie die dag voor die weeklikse sewende-dag Sabbat nie! Ons lees: “En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word” (Johannes 19:31). Die term, “die dag van daardie sabbat was groot”, dui op 'n *jaarlikse Sabbat* wat verskil van die weeklikse sewende-dag Sabbat en ons weet dat in 31 n.C., die eerste dag van Ongesuurde Brode op 'n Woensdag met sonder begin het.

Daarna, op die Sondag, wat het Maria gesien toe sy by Jesus se graf gekom het?

“EN op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet

nie waar hulle Hom neergelê het nie” (Johannes 20:1-2).

Let daarop dat dit op die Sondagoggend nog donker was en Jesus was reeds uit die graf gewees! Volgens u Bybel is Hy nie gedurende die oggend van “Paassondag” opgewek nie!

Om sake te vererger, is baie gebruike en simbole rondom hierdie versinde, onbybelse viering direk uit die heidense rituele geneem! Wat het hase en eiers met mekaar te doen? Niks nie, behalwe dat hulle albei vrugbaarheid voorstel – 'n algemene tema van heidense lentefeeste! Soos Gerald E. Weston in sy kragtige werk *Paasfees: die storie wat nie vertel is nie*, skryf:

Easter (Paasfees) is niks anders as 'n ander spelling vir die Anglo-Saksiese godin *Eostre nie*, maar wat is die oorsprong van hierdie godin? Die *New World Encyclopedia* stel 'n verband voor tussen *Eostre* en *Easter* en die baie gewilde en antieke godin *Ishtar*. “Geleerdes spekuleer ook dat *Eostre*, die Anglo-Saksiese godin van die lente, wie se naam later verander is na die moderne Engelse '*Easter*', geskiedkundig gekoppel mag wees aan *Ishtar*” (artikel “*Ishtar*”).

Dit is interessant dat die Melkitiese Griekse

Katolieke kerk die oorsprong van die naam *Easter* erken maar 'n effens ander spelling van *Ishtar* gee. Ons moderne Engelse woord “*Easter*” is afkomstig van Ou Engels en verwys oorspronklik na die Noorse godin van vrugbaarheid, Istra, wie deur 'n haas gesimboliseer word.

Waarom sou mense wat hulleself “Christelik” noem, die opstanding van Christus in die naam van 'n heidense godin vier? Selfs sommige Protestantse kerke erken die heidense verband tussen *Easter* (Paasfees) en die veronderstelde opstanding van Christus en vier nie meer Paassondag nie. Hulle noem dit nou “Opstandingsdag”. Deur dit te doen, vermy hulle slegs 'n deel van die heidense afkoms, aangesien hulle nog steeds Christus se opstanding op die verkeerde dag herdenk, omdat Hy *nie* op 'n Sondag opgewek is nie!

Maak dit saak?

Die geskiedskrywer Will Durant het hierdie ontleding in sy werk *The Story of Civilization* gegee:

Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeeneem. Die Griekse denkwys, het tot 'n einde gekom maar, is oorgedra in die teologie

en liturgie van die kerk. Die Griekse taal, wat vir eeue die filosofie oorheers het, het die dryfveer geword van die Christelike literatuur en rituele; die Griekse misteries is oorgedra na die indrukwekkende misterie van die mis. Ander heidense kulture het bygedra tot die sinkretistiese resultaat ... [ortodokse] Christendom was die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld” (1944, deel 3, *Caesar and Christ*, bl. 595).

Geagte Lesers, is u besig om heidense tradisies in die naam van Christelikheid te beoefen? Onthou Jesus se waarskuwing aan die Fariseërs en skrifgeleerdes in verband met sekere godsdienstige gebruike: “Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou” (Markus 7:9).

Sommige mense mag vra: *Watter verskil maak dit? Wat daarvan as daar 'n bietjie heidense gebruike in ons feesvierings is?* Die antwoord lê in 'n baie belangrike Bybelse beginsel, een waarvoor godsdienste, kerke en individue verantwoordelik gehou gaan word: “... neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het

hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode” (Deuteronomium 12:30-31).

Daar is nog 'n belangriker rede waarom God wil hê dat Christene Sy jaarlikse Heilige Dae onderhou. Hulle volg nie net die voorbeeld van hulle Verlosser en gehoorsaam God die Vader deur dit te doen nie, maar hulle onderhou ook 'n reeks dae wat *God se wonderlike plan van redding* vir die hele mensdom uitbeeld.

Die jaarlikse Heilige Dae, wat in Levitikus 23 voorkom, begin 'n dag ná die onderhouding van die Pasga op die veertiende dag van Nisan, die eerste maand in God se Heilige jaar. Dit is:

Die Eerste en Laaste Dae van Ongesuurde Brode. Word op 15 en 21 Nisan onderhou (28 Maart en 3 April in 2021). Hierdie Heilige Dae begin en eindig die jaarlikse Fees wat Christene herinner aan hulle doel om sonde uit hulle lewens te verwyder.

Pinkster. Word onderhou 50 dae ná die aanbidding van die “beweegoffer” (16 Mei

in 2021). Hierdie dag beeld Christus uit wat 'n klein groepie “eersteling” wat ge-roep is in hierdie huidige tydperk, versamel om saam met Hom te regeer in die Millennium.

Die Fees van Basuine. Word onderhou op 1 Tishri (7 September in 2021). Dit stel die sewe basuinspeel van die dag van die Here voor, met die laaste basuin wat die Wederkoms van Christus sal aankondig om God se Koninkryk op aarde te vestig asook die opstanding van die heiliges.

Die Versoendag. Word onderhou op 10 Tishri (16 September in 2021). Dit stel die einde voor van Satan se 6,000 jaar-lange heerskappy as die god van hierdie huidige tydperk.

Die Huttefees. Begin op 15 Tishri (21 September in 2021). Dit is die eerste dag van die Feestydperk van sewe dae wat Christus se duisendjarige heerskappy simboliseer, die duisendjarige periode waarin die hele wêreld

GENADE: Vrygespreek om te sondig?

Deur Richard F. Ames

“Genade” is 'n woord wat deur baie Christene gebruik word, maar wat verstommend min van hulle verstaan. Dalk doen u 'n dankgebed. Miskien dink u aan grasia as u 'n bedrewe danser of 'n daad van groot beleefdheid sien. Dalk skuld u geld op u kredietkaart en die “grasietydperk” laat u toe om amper 'n maand te wag voordat u 'n betaling hoef te maak.

Christene praat egter op 'n baie spesifieke manier oor genade. In ons Christelike lewens is genade die gratis en onverdiende guns wat God aan diegene gee wat na Hom soek.

Indien genade regtig gratis is, mag sommige mense wonder of dit nie beteken dat ek enigiets kan doen wat ek wil nie? Deur die eeue heen het sommige mense verkeerdelik geleer dat wanneer Christene “Jesus aangeneem het”, dit nie saak maak watter sondes hulle daarna pleeg nie; hulle is kwansuis verseker van redding, selfs al gee hulle nie hulle ou gewoontes van moord, afgodediens en allerhande ander gruwelike gedrag prys nie. Dit kan tog sekerlik nie reg wees nie. Aan die ander kant, aangesien genade God se gratis geskenk is, hoe kan daar dan enige “voorwaardes” aan verbonde wees?

Dit is duidelik dat baie mense nie God se genade

verstaan nie. U mag verbaas wees om te verneem dat die meeste mense – selfs baie Christene – nie werklik verstaan wat redding is, of selfs nie wat sonde is nie. Kennis van sonde en redding is nogtans noodsaaklik om te verstaan hoe genade in u Christelike lewe werk! In hierdie artikel sal ons kortliks ondersoek wat dit beteken om God se genade te ontvang, wat daardie genade in die Christen se lewe beteken en hoe dit verband hou met redding en vergifnis van sonde.

“Goedkoop genade”?

Indien genade 'n gratis geskenk is, hoeveel is dit vir ons werd? Behandel ons dit as iets waardevol? U mag dalk gehoor het dat mense van “goedkoop genade” praat, maar wat bedoel hulle? Die beroemde Duitse prediker Dietrich Bonhoeffer het opgemerk: “Goedkoop genade beteken die regverdigmaking van sonde sonder die regverdigmaking van die sondaar. Daar word gesê dat slegs genade nodig is, dus kan alles bly soos dit voorheen was ... Wel, laat die Christen dan leef soos die res van die wêreld, laat hy sy lewe dan in elke sfeer van die wêreld se standarde leef en nie kastig daarna streef om 'n veranderde lewe te leef onder genade teenoor sy ou lewe onder sonde nie” (*The Cost of*

Discipleship, vertaal deur R.H. Fuller, 1963, bl. 46).

Bonhoeffer het dit in kontras gestel met wat hy genoem het “duur genade”. Hy skryf: “Sulke genade is *duur* want dit roep ons tot gehoorsaamheid en dit is *genade* omdat ons geroep word om *Jesus Christus* te volg. Dit is duur, want dit is kosbaar en kan 'n mens sy lewe kos. Dit is genade, want dit gee 'n mens die enigste ware lewe. Dit is duur want dit veroordeel sonde, asook genade omdat dit die sondaar regverdig. Dit is bowenal *duur* omdat dit die lewe van God se Seun gekos het: 'Julle was teen 'n prys gekoop' en wat vir God duur was, kan nie vir ons goedkoop wees nie. Dit is veral *genade* omdat God nie Sy Seun se lewe te duur geag het om vir ons lewens te betaal nie, maar Hy het hom vir ons oorgelewer” (bl. 47-48).

Gee u gehoor aan die genade wat God aan u gegee het of behandel u God se genade as “goedkoop genade”? Aanvaar u God se geskenk as vanselfsprekend en leef soos wat u nog altyd geleef het? Baie Protestantse evangeliste het grootgeword met die slagspreek: “Een maal gered, altyd gered”. Dit sou gerusstellend wees as dit waar was. In werklikheid het ons almal al baie mense gesien wat “opreg en eerlik” gereageer het op die

emosionele aantrekkingskrag van 'n kansel-uitnodiging en glo dat hulle “gered” is, net om weer terug te keer na hulle ou sondige lewenswyse sodra die emosionele “hoogtepunt” verflou het. Indien “eenmaal gered, altyd gered” waar was, sou hierdie mense net so “gered” gewees het soos diegene wat opgehou het met hulle ou sondige gewoontes omdat hulle berou gehad het.

Hierdie belangrike punt – **berou** – is wat alte dikwels ontbreek in mense se definisie van redding. God skenk ons nie net genade nie; Hy skenk aan ons berou, wanneer ons in oprogtheid na Hom toe kom. Ons kan nie eerlik sê dat ons op Hom “vertrou” wanneer ons sê dat ons Sy genade aanvaar, maar nie Sy gawe van berou nie. Soos die apostel Paulus die Christene in Rome gevra het, “Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?” (Romeine 2:4). Ja, geagte Lesers, wanneer ons gehoor gee aan God se genade, sluit daardie gehoorsaamheid berou en selfs meer in.

Petrus se preek

Op Pinksterdag in 31 n.C. tydens die eerste, geïnspireerde preek van die Nuwe-Testamentiese Kerk, het die apostel Petrus in Jerusalem met 'n paar duisend mense gepraat, waarna hulle oortuig geraak het van hulle aandeel in Jesus die

Messias se dood. Duisende van hulle het Petrus en die ander Apostels gevra: “Wat moet ons doen, broeders?” (Handelinge 2:37).

Hier was Petrus se geleentheid om aan hulle te vertel dat hulle niks méér hoef te doen as om net te “vertrou” of te “glo” in God nie. Hy het dit egter nie gesê nie. Wat het hy gesê? “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38).

Petrus het wonderlike nuus verkondig naamlik dat sondaars se sondes vergewe kan word en die geskenk van die Heilige Gees kan ontvang. Vir dit om te kan gebeur, het hy twee punte benadruk – dat hulle hul moes bekeer en dat hulle daarna gedoop moes word.

Indien u na Petrus geluister het en bedroef was oor u aandeel in Christus se dood en graag u lewe sou wou verander, asook vergifnis wou ontvang, wat sou ú gedoen het? Sou u met Petrus geargumenteer en gesê het: *Ek sal my nie bekeer nie, ek wil nie gedoop word nie, want dit is werke en ek het nie nodig om my redding te verdien nie?* Indien u op daardie manier gereageer het, sou dit in stryd wees met baie van God se duidelike opdragte, met inbegrip van hierdie basiese Nuwe-Testamentiese leerstellings.

Natuurlik kan niemand redding *verdien* nie. 'n Moedswillige ongehoorsaamheid aan

God se opdragte is 'n seker teken daarvan dat u u nie regtig bekeer het nie.

Hoe het die skare dus gereageer op hierdie eerste Pinksterdag in die Nuwe-Testamentiese Kerk? Die Skrif vertel aan ons die wonderlike nuus: “Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring. En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede” (Handelinge 2:41-42).

Op daardie dag het 3,000 nuwe Christene God se opdrag gehoorsaam – hulle het hul bekeer en is gedoop. Hulle het gedoen wat Jesus vir alle Christene sê om te doen: “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Dink anders!

Wanneer ons berou het oor ons sonde, is ons innig jammer dat ons God se Wet oortree het. Ons het nie meer 'n vyandige gesindheid teenoor God en Sy Wet van vryheid nie. Ons het nie langer 'n vleeslike gesindheid wat in “vyandskap” teenoor die Wet van God staan nie (Romeine 8:7). Na bekering wil ons in ooreenstemming met God se Wet van liefde – die Tien Gebooie – leef. Bekering bring 'n ingrypende verandering in ons

denke mee, asook 'n verbintenis om volgens elke Woord van God te leef. Soos Jesus gesê het: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4).

Bekering is meer as 'n intellektuele bewustheid van sonde. Diepe berou bring innige droefheid oor ons sondes mee. Dink aan die vrou wat Jesus se voete gesoen en met haar trane gewas het (Lukas 7:37-38) – wat sy getoon het was diepe berou.

Ons behoort bewus te wees daarvan dat daar ook 'n wêreldse berou bestaan wat nie opregte berou is nie. Let op dat Paulus erkenning gee aan die Korinthiërs se berou: “Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens *die wil van God*, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie. Want die droefheid volgens *die wil van God* werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood” (2 Korinthiërs 7:9-10).

Sommige misdadigers toon wêreldse berou en sê dat hulle spyt is oor hulle misdade – hulle sondes – terwyl hulle eintlik innerlik sê: *Ek is jammer dat ek uitgevang is, ek is jammer dat ek gestraf moet word vir my misdaad, maar as ek 'n kans kry om nog 'n misdaad te pleeg, sal ek.* Dit is nie net misdadigers wat hierdie wêreldse berou het nie. Baie mense wat verslaaf is aan afbrekende en ongesonde gewoontes, soos seksuele sondes, dwelm- of alkoholmisbruik, kan 'n soort berou voel, maar eintlik

slegs die gevolge van hulle gedrag betreur. Sonder 'n ware verandering van hart en 'n blywende verandering van gedrag, sal hulle voortgesette sonde tot die dood lei! Dit is waarheen die berou van hierdie wêreld lei!

Goddelike berou – ware bekering – bring ander en beter vrugte mee. Let op na die eienskappe daarvan, soos dit in die Skrif beskryf word: “Want kyk, juis dit, dat julle bedroef geword het volgens *die wil van God* – wat 'n groot ywer het dit in julle gewerk, ja, verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is” (2 Korinthiërs 7:11).

Tree anders op!

Hoe het Jesus gereageer toe 'n Fariseër gevra het wat die grootste Gebod is? “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete” (Matthéüs 22:37-40). Wanneer ons leer om soos God te dink, leer ons ook om soos God op te tree.

Wanneer ons dink dat ons “gered” is, maar ons gaan voort om sonde te beoefen met geen verandering in ons gesindheid of gedrag nie, het ons nie werklik tot bekering gekom nie. Psalm 51 is Dawid se erkenning van sy sonde en as u daardie Psalm

lees, sal dit u help om 'n dieper begrip van bekering te kry. Let op dat Dawid nie vir “geregtigheid” gevra het nie, want geregtigheid sou vir Dawid die doodstraf beteken het. “Die loon van die sonde is die dood” vir ons almal (Romeine 6:23)! Met 'n boetvaardige gesindheid het Dawid eerder om genade gesmeek: “Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van U barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid, en reinig my van my sonde” (Psalm 51:3-4).

Ja, Dawid het sy sonde erken! Hy het ernstig gebid dat God hom moes reinig. Het u al ooit so gebid? Dawid het verder gebid: “Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou” (verse 5-6).

Hoe het Dawid “slegs” teen God gesondig? Hy het owerspel gepleeg met Bátseba. Hy het Bátseba se man, die soldaat Uriá, na die voerpunt van die hewigste geveg gestuur om vermoor te word. Dawid het beslis “teen hulle gesondig”. God het egter beveel: “Jy mag nie doodslaan nie. Jy mag nie egbreek nie” (Exodus 20:13-14). Dawid het teen die Wetgewer gesondig en die doodstraf verdien.

Dawid se boetvaardigheid stel 'n voorbeeld vir ons almal. Ons het almal daardie nederige en berouvolle gesindheid nodig! “Die offers van God is 'n gebroke

gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie" (Psalm 51:19).

'n Lisensie om te sondig?

Nadat ons net soos Dawid, op die punt van bekering gekom het en ons gehoorsaam Christus se opdrag om gedoop te word, word ons van al ons sondes van die verlede vergewe en ons begin dan met 'n nuwe lewenswyse. Hoe behoort ons dan voortaan te reageer op die genade – die onverdiende vergifnis – wat God aan ons gegee het? Kyk: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Romeine 6:1-2). Behoort 'n nuut-verwekte Christen aan wie God onverdiende vergifnis en kwytstelling geskenk het, voortgaan om God se Wet te oortree en ongehoorsaam te wees aan God? Paulus sê duidelik: "Nee, stellig nie!" Die Bybelse getuigenis is oorweldigend: Ons kan nie voortgaan om opsetlik aan God ongehoorsaam te wees én die gawe van verlossing gegee word nie! Paulus het te doen gehad met valse Christene wat probeer het om genade te gebruik as toestemming om te sondig – soos wat baie mense vandag doen!

Die apostel Judas het ook hierdie onbybelse benadering tot genade veroordeel: "Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse

God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (Judas 4).

Hoeveel belydende Christene doen nie presies dít vandag nie? Diegene wat die genade van God misbruik, sê deur hulle gedrag: *Ons is vry om die Tien Gebooie te oortree; ons hoef God nie te gehoorsaam nie!* Dit is verkeerd! Daardie vorm van opstandigheid is vleeslik, nie bekering nie! Bekeerde Christene erken dat die onderhouding van God se Gebooie 'n betuiging van liefde is. Die eerste vier Gebooie wys ons hoe om God lief te hê en die laaste ses Gebooie wys ons hoe om ons naaste lief te hê. Soos die apostel Johannes geskryf het, "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3).

Dus, soos Paulus dit so kragtig stel, ons kán nie voortgaan om onder genade te leef wanneer ons terselfdertyd sonde beoefen nie. Geen ware berouvolle Christen sal wil aanhou sondig terwyl hy op genade aanspraak maak nie. Die ware Christen het tydens die doop "in homself gesterf", soos Paulus verduidelik: "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel" (Romeine 6:3-4). Daardie "begrafnis" word

gesimboliseer deur die berouvolle sondaar se volledige onderdompeling in water. Na die doop, begin die sondaar wat vergewe is 'n nuwe geestelike lewe.

Die Heilige Gees

Ons kan nie geestelik groei sonder God se Gees nie. God gee aan 'n berouvolle sondaar die gawe van die Heilige Gees, ná die doop en die oplegging van hande.

God verwag van ons om aktiewe geloof te beoefen. Hy verwag dat ons Hom sal vertrou, tot so 'n mate dat ons werklik sal doen wat Hy vir ons sê om te doen. Jesus het Sy volgelinge gewaarsku, "En wat noem julle My Here, Here, en doen nie wat ek sê nie?" (Lukas 6:46). Ons behoort te doen wat Hy gedoen het! Onthou Jesus Sêlf het die voorbeeld gestel deur Hom te laat doop, in gehoorsaamheid aan God se opdragte!

Die Heilige Gees is die geestelike krag van God wat ons as Sy kinders verwek en ons bemagtig om geestelik te groei. Let op dat hierdie gawe van God se Gees gegee word deur die handoplegging van God se ware dienaars. Die Apostels "het hulle toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 8:17).

Ons het die Heilige Gees nodig om die selfvernietigende krag van die menslike natuur te oorkom. Paulus beskryf sy worsteling met die menslike natuur: "Ek dank God – deur Jesus Christus onse Here! So dien ek self dan wel met die

gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde" (Romeine 7:25).

Let op Paulus se gesindheid van gehoorsaamheid. Sal God die Heilige Gees gee aan diegene wat 'n gesindheid van ongehoorsaamheid het? Nee, Hy sal nie! Soos Petrus so duidelik gesê het, die Heilige Gees is iets wat "God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is" (Handelinge 5:32). God sal nie die gawe van die Heilige Gees gee aan diegene wat 'n gesindheid van ongehoorsaamheid het nie.

Petrus en die ander Apostels het voortdurend 'n gesindheid van gehoorsaamheid aan God getoon. Let op Petrus se vrymoedigheid toe hy met die Sanhedrin [Joodse Raad] gepraat het. Hierdie Raad het die Apostels beveel om nie in die naam van Jesus te preek nie. Wat was hulle reaksie? "En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" (Handelinge 5:29).

Een van die hoofemas van die Bybel, vanaf Génesis tot Openbaring, is dat gehoorsaamheid aan God seëninge meebring en ongehoorsaamheid aan God bring straf mee. U kan God se genade ontvang – Sy wonderlike seëninge en Sy gawe van die ewige lewe, deur Jesus Christus onse Here. Onthou egter dat God net Sy gratis geskenk van verlossing sal gee aan diegene wat gewillig is om hulle te bekeer, te glo en Hom te gehoorsaam. Soos Petrus skryf, "Want die tyd is

daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?" (1 Petrus 4:17-18).

Reageer op God se gratis geskenk!

U Bybel openbaar God se ontsaglike plan van verlossing. Verlossing is 'n gratis geskenk wat ons nooit sou kon verdien nie. Die meeste Bybelgeleerdes is bekend met een van die belangrikste skrifgedeeltes oor hierdie onderwerp: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie; dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie" (Efésiërs 2:8-9). Let daarop dat terwyl God se genade 'n geskenk is, so is geloof tot redding óók 'n geskenk van God! Die volgende vers word gereeld oor die hoof gesien deur diegene wat genade probeer omskakel in goedkeuring om te sondig: "Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Efésiërs 2:10). 'n Opregte reaksie op God se genade lewer goeie werke op en 'n dienskneeg van God wandel daarin – dit wil sê, lewer voortdurend goeie werke op. Ons moet in ons lewens die vrugte van ware Christenskap dra.

In ooreenstemming, beskryf Johannes die proses van om

geestelik vrugte te dra as sou Christus die wingerdstok wees en die Vader die wynboer (Johannes 15:1-8). Hoe eer ons ons Vader in die hemel? Jesus sê: "Hierin is my Vader verheerlik, dat julle baie vrug dra; en julle sal my dissipels wees" (vers 8). Wanneer ons in Hom "bly" (vers 4,7), het ons voortdurend 'n hegte verhouding met Hom en ons vind vreugde in Sy genade of guns.

Die boek Handelinge gee verskeie voorbeelde van genade (*charis*) as sinoniem van guns. Die *International Standard Bible Encyclopedia* stel dit mooi en herinner ons daaraan dat "*charis* ook gebruik word om te sê dat iemand guns in 'n ander se oë gevind het – die vroeë Kerk het *charis* gevind by 'al die mense' ([Handelinge] 2:47). Stephanus het onthou dat Josef guns gevind het by Farao (Handelinge 7:10) en Dawid by God (7:46)" (red. Geoffrey Bromiley, 1982, deel 2, bl. 552).

Paulus begin verskeie van sy briewe met 'n seëngroet wat naastenby so klink: "Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus!" (Efésiërs 1:2). Die slotvers van die Bybel gee ons hierdie bemoediging: "Die genade van ons Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen" (Openbaring 22:21). Ek en u het God se guns, vergifnis en voortdurende genade nodig.

Jesus Christus is ons lewende Verlosser. Ons sal gered word deur Sy lewe (Romeine 5:10), maar ons moet *volhard in gehoorsaamheid!*

Ons by die *Wêreld van Môre*
hoop u sal God se genade

aanvaar, gehoorsaam wees aan
Sy wil, Sy guns soek en deel in

Sy wonderlike verlossingsplan!



Die Heilige Dae — God se Meesterplan

*Is Kersfees en Paasfees die heiligste dae van die Christelike kalender?
Nee! Beslis nie op die ware Christelike kalender nie! Inteendeel,
Christus en Sy Apostels het die Bybelse Heilige Dae onderhou wat
vandag feitlik heeltemal geïgnoreer word deur die hoofstroom
Christendom.*

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 8 – Drie pilare van stabiliteit in moeilike tye

geroep sal word om God se lewenswyse te leer ken en uit te leef.

Die Laaste Groot Dag. Word onderhou op 22 Tishri (28 September in 2021). Dit stel die groot Wit Troon oordeel voor (Openbaring 20:11-13), die tyd wanneer die miljarde mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit die geleentheid te hê om die ware boodskap van Jesus Christus te hoor [of te verstaan] – dit sluit baie mense in wat nooit eens Sy Naam gehoor het nie – wat

dan uiteindelik hulle geleentheid tot redding sal hê.

(Let daarop dat die dae van die Gregoriaanse kalender om middernag begin, maar dat die dae van God se kalender met sonder begin. God se Heilige Dae begin elkeen teen sonder op die aand vóór die dag soos in die Gregoriaanse kalender.)

Die jaarlikse Heilige Dae is 'n tydperk wat ryk aan betekenis is vir volgelinge van Jesus Christus. Indien u dit nog nie gedoen het nie, lees gerus [of lees weer] ons boekie *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. U kan dit aanlyn lees by wvm.org of 'n gratis gedrukte eksemplaar aanvra by u naaste

streekkantoor waarvan die inligting op bladsy 2 van hierdie tydskrif gevind kan word.

Ja, God se jaarlikse Heilige Dae is vol betekenis en waarheid – waardes wat ons nie aantref in die mensgemaakte Kersfees- en Paastradisies nie. Watter dae sal u dus onderhou – die mensdom se uitgedinkte, heidense, vervalste godsdiensstige dae van aanbidding of God se eie weeklikse en jaarlikse Heilige Dae – dieselfde dae wat deur Jesus Christus, die Apostels en Sy getroue dissipels reeds vanaf die eerste eeu tot vandag toe onderhou is? Ons by die *Wêreld van Môre* bid dat u die regte keuse sal maak!

Na die beeld van God

Deur J. Davy Crockett III

*Daar is 'n rede waarom u geen "Wookiees" daar buite sal vind nie.
("Wookiees": Fiktiewe, aapagtige wesens in die flied Starwars)*

Die *Star Wars*-reeks van flieds – in teaters vertoon sedert 1977 – wat die lys van top-verkopers gehaal het, het die toeskouers opgewonde gehad met wat nou genoem word Episode IV. Die rolprent bevat die ikoniese “*cantina*-toneel”, wat 'n gunsteling onder *Star Wars*-liefhebbers is. In hierdie toneel is daar talle wesens uit 'n verre sterrestelsel wat sosiaal met mekaar verkeer en hulle bisarre, dikwels afstootlike vorms wat hulle aanneem ooreis die verbeelding. Waarom sien ons nie sulke abnormale wesens soos hierdie in die werklike lewe nie?

Die heelal bevat beslis 'n enorme hoeveelheid sterrestelsels. Tog, sover vasgestel kon word deur die nuutste teleskope en die mensdom se pogings om ons eie sonnestelsel te verken, is die uitgestrektheid van die buitenste ruimte onherbergzaam vir lewe. Die aarde is 'n pragtige juweel in die ruimte, met net die regte hoeveelheid atmosfeer, water, landmassa en gematigde sones om dit bewoonbaar te maak vir die mensdom en vir diere, insekte en plantelewe. Terwyl daar beslis fantastiese wesens in hierdie fisiese skepping is, bestaan die verskillende variasies van lewe met intelligensie op menslike vlak, wat gewild gemaak is deur fantasie en wetenskapfiksie, eenvoudig nie.

Die mensdom bestaan in verskillende kleure, vorms en groottes, maar elke etniese groepe en ras is onmiskenbaar menslik in sy vorm. Die Bybelse verslag van die skepping onthul waarop hierdie vorm gebaseer is: “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor

al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape” (Génesis 1:26-27).

Uit een bloed

Ons menslike vorm is soos ons Skepper se vorm, dit wil sê ons is soos God, nie God is soos ons nie. Jesus het dit aan Sy Dissipels verduidelik toe Hy gesê het: “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien” (Johannes 14:9). Christus is soos die Vader in vorm en karakter.

Die apostel Paulus het dit baie duidelik gemaak toe hy verduidelik het: “En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon ... As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie” (Handelinge 17:26-29).

Wanneer ons ons oorsprong as menslike wesens verstaan en waarheen ons op pad is in die plan wat ons hemelse Vader vir die mensdom het, verdwyn die wydverspreide mistigheid van verwarring en openbaar die doel vir menslike lewe. Daar is geen gronde vir rassevooroordeel nie. Paulus het uitdruklik gesê dat “daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Sceith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal” (Kolossense 3:11).

Vir een bestemming


Hierdie begrip openbaar waarom *Star Wars* se biologie nie soos die werklike biologie lyk nie: God het spesifiek intelligente lewe ontwerp – werklike intelligente lewe – om soos *Hy* te wees. Die vele en uiteenlopende

wedlope van fantasie en wetenskapfiksie kan maklik 'n mens se kop laat draai. Daarteenoor is God se ontwerp van die uitsonderlike menslike ras so volmaak in sy eenvoud dat daar slegs verwarring kan heers wanneer ons *onself onbeholpe verkeerdelik vertolk*.

Wanneer mens byvoorbeeld die Skepper erken, is daar geen verwarring oor geslag nie, want “man en vrou het Hy hulle geskape”. Die Bybel maak dit duidelik dat alle pogings om hierdie eenvoudige feit van biologie te verwar, God nie behaag nie. Die begrip “geslagsvloeibaarheid” moedig die verkeerde gebruik van die vorm wat na Sy beeld gemaak is aan en sal nie in Sy Koninkryk toegelaat word nie (vgl. Romeine 1:20-24; Openbaring 21:8; 22:15).

God het egter beplan dat ons nie net Sy ewebeeld sou deel nie, maar ook Sy natuur. Paulus het hierdie belangrike punt aan die Christene van sy dag verduidelik: “Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (1 Korinthiërs 6:19-20).

Om soos God te word, nie net in gedaante nie, maar ook in ons gees en karakter, is 'n bestemming wat so min mense hulle regtig kan indink – maar dit is nietemin ons Skepper se ware en glorieryke doel vir ons.

Ons gratis boekie *U uiteindelijke Lotsbestemming* gee wonderlike besonderhede oor u toekomst in God se plan vir die mensdom. U kan dit aanlyn lees by wvm.co.za of u gratis eksemplaar bestel by ons streekkantoor naaste aan u. 

Wat het van die Christelikheid van Christus geword?

Deur Richard F. Ames

Het u al ooit gewonder waarom daar so baie Christelike denominasies is? Waarom is daar nie net een kerk waaroor almal kan saamstem nie? Is daar iets wat u hieraan behoort te doen?

Die Skrif meld dat, toe die Heilige Gees op Pinkster in 31 n.C. op die eerste Christene neergedaal het, was die dissipels van die Verlosser “almal eendragtig bymekaar” (Handelinge 2:1). Die een boodskap wat hulle verkondig het, is in verskeie tale gehoor, en baie nuwe gelowiges het tot bekering gekom toe hulle hierdie leerstelling gehoor het in 'n taal wat hulle verstaan het.

Dit was die eerste Pinksterfees wat die Kerk wat Jesus Christus gestig het, gehou het. Tog is daar vandag letterlik *duisende* kerke wat beweer dat hulle Christene is. Hoe kon een Kerk, duisende kerke geword het?

Behoort ons hieroor verbaas of selfs geskok te wees? Glad nie! Jesus het presies dit voorspel in Sy beroemde Olyfberg-profesie, toe Hy die heel eerste teken gegee het betreffende die einde van hierdie huidige tydperk: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Matthéüs 24:4-5).

Ja, baie kom *wel* in Sy Naam en noem hulle godsdiens Christelik, maar verkondig iets heeltemal anders as wat Hy

verkondig het. Daar is selfs 'n paar bedrieërs wat beweer dat hulle Christus is, maar Hy het werklik gewaarsku dat baie van hulle sou verkondig dat Hy die beloofde Messias, die Christus of “die gesalfde” van God is, maar wat tog teenstrydig is met – of selfs *teen* – Sy Ware leerstellings gepreek het.

Weet u waar God se Ware Kerk vandag is? Is dit te vinde onder die duisende denominasies wat beweer dat hulle Christelik is? Kom ons ondersoek sommige van die leerstellings wat baie mense as vanselfsprekend aanvaar, maar wat so duidelik soos daglig die verskil tussen die Skrif en die valse leerstellings van só baie hoofstroomkerke aantoon.

Hou Christus se opstanding in gedagte

Dit is baie maklik vir enigiemand om navorsing te doen en te bewys dat Jesus se Apostels nooit 'n vakansiedag gevier het met feestelik gekleurde eiers en sjokolade hasies nie. Besef u dat die opvatting van “Paassondag” nêrens in die Skrif voorkom nie?

Onthou dat Maria Magdaléna Sondagoggend na Christus se graf toe gegaan het. Wat het sy gesien? “EN op die eerste dag van die week kom Maria

Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie” (Johannes 20:1-2). 'n Engel het aan die vroue wat na Christus se graf gekom het, gesê: “Hy het opgestaan” (Matthéüs 28:1-6; Markus 16:1-6; Lukas 24:1-8).

Jesus se opstanding *het nie* op Paassondag plaasgevind nie! In werklikheid toon u Bybel aan dat Christus *presies* drie dae en drie nagte na Sy kruisiging uit die graf opgestaan het. Soos die apostel Johannes opgeteken het: “En dat die liggeme nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word” (Johannes 19:31). Daardie “groot dag” – nié die weeklikse Sabbat nie, maar 'n *jaarlikse Sabbat* wat as die Eerste Dag van Ongesuurde Brode bekend staan – het Woensdagaand teen sononder begin. Vir Jesus, om

die “teken van die profeet Jona” te kon vervul wat Hy in Matthéus 12:38-40 gegee het, moes hy in die graf bly vir dieselfde tydperk van drie dae en drie nagte wat Jona in die buik van die groot vis se maag was. Hy wás! Hy was Woensdag kort voor sonder begrawe en Hy het drie dae later, kort voor sonder op die sewende-dag Sabbat, opgestaan!

Presies net soos hulle Verlosser, het Christene ook die Pasga gehou, maar dit het nou 'n bykomende betekenis gekry naamlik 'n herdenking van Christus se offerande. Hou in gedagte wat die apostel Paulus aan die Korinthiese broeders wat die heilige onderhouding van daardie dag misbruik het, skryf: “Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuur is – want ook ons paaslam [pasgalam] is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Korintiërs 5:6-8).

Christus se dissipels volg vandag nog die voorbeeld van Sy Apostels en gaan voort om die Pasga te onderhou, nie die self-uitgedinkte en heidense “Paassondag” nie. Lees ons insiggewende boekie *Die Pasga: Die storie wat nie vertel is nie*, vir meer inligting.

Weeklikse aanbidding

Die meeste mense wat hulleself Christene noem, neem aan dat dit vanselfsprekend is dat Sondag die toepaslike weeklikse aanbiddingsdag is. Het Christus of Sy Apostels weeklikse eredienste op die eerste dag van die week gehou?

In die Bybel word geboekstaaf dat Paulus jare ná die dood, begrafnis en opstanding van Christus gepreek het vir Jode asook vir heidene wat op die sewende-dag Sabbat bymekaargekom het. Nadat die Jode vertrek het, het die heidene in sy gehoor 'n baie belangrike versoek gerig: “En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word” (Handelinge 13:42). Paulus het aan hulle versoek voldoen. “En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor” (vers 44). Hy *het nie* op 'n Sondag vir hulle gepreek nie maar het gewag tot hulle weeklikse dag van aanbidding – die sewende-dag Sabbat!

Eers in die vierde eeu n.C. het Rome die onderhouding van Sondag dwarsdeur die Romeinse Ryk afgedwing. Keiser Konstantyn het sy lewe as 'n heidense sonaanbidder deurbring en nadat hy by die Roomse kerk aangesluit het, het hy in 321 n.C. die volgende edik uitgevaardig: “Laat alle magistrante en mense ... rus op die eerbiedwaardige dag van die son” (*The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious*

Knowledge, vol. 11, bl. 147, beklemtoning bygevoeg).

Slegs 'n paar jaar later het leiers van die Roomse kerk verklaar: “Christene sal nie ver-Joods en op Saterdag ledig wees nie, maar sal op daardie dag werk; maar die dag van die Here moet hulle veral eer en aangesien hulle Christene is, sal hulle indien moontlik, op daardie dag geen werk doen nie. As daar egter gevind word dat hulle besig is om te ver-Joods, sal hulle van Christus uitgesluit word” (*A History of the Councils of the Church*, volume 2). Ware Christene is as kettters bestempel omdat hulle dieselfde Sabbat onderhou het as wat Jesus en Sy oorspronklike Apostels onderhou het!

Dit is duidelik dat die Roomse kerk vir die verandering na Sondagaanbidding verantwoordelik was. Op watter gesag? Die bekende Rooms-Katolieke teoloog, James Cardinal Gibbons, het ruitelik erken dat “u die Bybel van Génesis tot Openbaring mag lees en u sal geen enkele reël vind wat die heiligmaking van Sondag magtig nie. Die Skrif handhaaf die godsdienstige nakoming van Saterdag, 'n dag wat ons nooit heilig nie” (*Faith of Our Fathers*).

Oor hierdie feit stem ons by die *Wêreld van Môre* saam met kardinaal Gibbons: Indien die Bybel u gesag is, het u geen voet om op te staan om Sondag as u weeklikse dag van aanbidding te beskou nie! Ons ontken egter dat Gibbons se kerk daardie gesag het of gehad het om so 'n

verandering te maak! Christus se oorspronklike Christenskap het gehoorsaamheid aan die Skrif geleer wat moontlik gemaak word deur die gawe van die Heilige Gees. Die Ware Christelike Kerk van vandag doen dieselfde. Tog was daar deur die geskiedenis heen 'n voortdurende neiging om heidense tradisies met Christus se leerstellings te vermeng en selfs om Sy leerstellings uit kerke te verdryf wat beweer dat hulle Sy Naam dra! Soos die geskiedskrywer Will Durant in *Caesar and Christ* opgemerk het, "Christelikheid het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem".

Ander gevaarlike veranderings

Watter ander veranderings is misleidend aangebring in die beoefening van die oorspronklike Christelikheid? Jesus en Sy Apostels het die Bybelse jaarlikse Feeste en Heilige Dae onderhou. Hulle het *nie* die dag van Jesus se geboorte gevier nie. Die meeste betroubare ensiklopedieë dokumenteer die oorspronklike heidense vieringe rondom 25 Desember as heidens. Een van die belangrikste feeste wat dwarsdeur die Romeinse Ryk gevier was, was die Saturnalia, ter ere van Saturnus, die god van landbou. Die *Encyclopædia Britannica* vertel ons dat die Saturnalia ...

... die gewildste van Romeinse feeste geword het en die invloed daarvan word

steeds regoor die Westerse wêreld gevoel. Terwyl dit oorspronklik gehou was op 17 Desember, is dit later tot sewe dae verleng. Dit was die vrolikste fees van die jaar: Alle werk en sake is gestaak, slawe het tydelike vryheid gekry om te sê en te doen wat hulle wou, sekere morele bepalings is verslap en geskenke is vrylik uitgeruil. Die viering van Kersfees en die Nuwejaar is direk deur die Saturnalia beïnvloed (1974, volume 8, bl. 916).

Die meeste geleerdes sal erken dat Jesus nie in die winter gebore is nie, maar in die herfs – September of Oktober. Presies *wat* is die doel van Sy geboorte? Die kommersiële, heidense gebruike rondom die wintervakansie verberg die doel van die Messías. U kan baie meer hieroor lees in ons insiggewende boekie *Is Kersfees Christelik?* Vandag weet min mense selfs wat die doél van Jesus se geboorte is, alhoewel 'n engel dit aan Maria bekend gemaak het: "En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie" (Lukas 1:30-33).

Die engel het gesê dat Jesus nie net 'n koning sou wees nie, maar die Koning van 'n Koninkryk wat nooit sal eindig nie! Wat het Jesus verkondig toe Hy 30 jaar later met Sy openbare bediening begin het? "Jesus [het] in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Hier sien ons nóg 'n groot verskil tussen die Christelikheid van Jesus Christus en die groot aantal moderne vervalsings wat Sy Naam gebruik. Christus en Sy Kerk het die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig en gaan steeds voort om dit te verkondig – die Koninkryk wat vir 'n duisend jaar lank op aarde regeer sal word deur die Koning van die konings en die Here van die here (Openbaring 19:16; Openbaring 20:4). U weet dalk van ten minste een groot denominasie wat sê dat die Koninkryk van God *nou* op aarde *is*. Die Skrif toon egter dat die Koning se aardse heerskappy oor alle nasies *nie* aangekondig sal word voordat die geprofeteerde sewende basuin weerklink het nie: "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here

geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Ongelukkig het die meeste mense wat hulleself Christene noem, nie opgelet na die Ware goeie nuus wat Christus verkondig het nie! Hy sal terugkeer as Koning oor al die nasies op die aarde! Wanneer Hy Sy volmaakte Regering in Sy Koninkryk gevestig het, sal die wêreld, vrede ervaar soos nog nooit tevore nie. “... en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:33).

Wat van die “Protestantse Hervorming”?

Daar kan baie meer hieroor gesê word as wat ons in een kort artikel kan bespreek. Indien u regtig belangstel om te weet hoe die Protestantse Hervorming nie daarin geslaag het om die hoofstroom Christendom te hervorm nie, gaan na *TomorrowsWorld.org* en lees die reeks “*The Plain Truth About the Protestant Reformation*”. Dit is in die Maart-April 2018 tot Mei-Junie 2019-uitgawes van hierdie Afrikaanse tydskrif gepubliseer. Martin Luther, Johannes Calvyn en baie ander het weliswaar werklike probleme met die Rooms-Katolieke se leer en praktyk geïdentifiseer, maar in baie opsigte het hulle dieselfde probleme in stand gehou en hulle eie nuwe probleme bygevoeg! Die laaste boek in u Bybel, die boek Openbaring, beskryf 'n “moeder”-kerk wat 'n hoer is, met baie hoer-“dogter”-kerke wat hulleself in werklikheid

onteer het deur die Ware leerstellings van Christus te laat vaar. Dit klink miskien moeilik om te glo, maar u kan sêlf die bewyse lees!

Selfs in die kerke wat glo dat hulle die foute van die Rooms-Katolieke kerk hervorm het, word wetteloosheid of ongeregtheid, soos die Bybel dit noem, wyd verkondig en beoefen. Die apostel Paulus het die gemeente in Thessalonika gewaarsku: “Want die verborgenheid van die ongeregtheid is al aan die werk” (2 Thessalonicense 2:7). Dieselfde “wetteloosheid” word in die hedendaagse kerke geleer, wat wil hê dat u moet glo dat Christus met die Tien Gebooe weggedoen het en dat ons dus wetteloosheid kan beoefen omdat ons nou onder die genade is! Enige ware volgeling van Christus verstaan egter dat genade ons op geen manier toelaat om te sondig nie! U kan die artikel “*Genade: Vrygespreek om te sondig?*” elders in hierdie uitgawe lees.

Jesus het aan 'n ryk jong man wat die ewige lewe gesoek het, gesê: “Maar as jy die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe” (Matthéüs 19:17). Jesus het toe verskeie van die Tien Gebooe opgenoem. Die Tien Gebooe weerspieël die twee groot Gebooe: Hoe om God lief te hê en hoe om 'n mens se naaste lief te hê. Soos wyle dr. Roderick C. Meredith in *Hervestig die Oorspronklike Christenskap* skryf:

In die Bergrede het

Jesus beslis **nie** met God se geestelike Wet “weggedoen” nie (Matthéüs 5:17). Hy het eerder die Tien Gebooe “vervul”. Hy het verduidelik dat ons ons nie net daarvan moet weerhou om ander mense dood te maak nie, maar dat ons hulle nie eers met minagting of haat moet bejeën nie (verse 20-23), want dit is die “gees” van **moord**. Ons behoort selfs **nie** eens ons vyande te “haat” nie. Soos Jesus duidelik gesê het: “Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande **liefhê**; seën die wat julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg” (vers 44).

Oorspronklike Christenskap is dus 'n lewenswyse van liefde. Geagte Leser, dit is nodig dat u u Bybel en die geskiedenis bestudeer. Wat het met die oorspronklike Christelikheid van Christus gebeur? Jesus Christus is *vandag* en *vir ewig* die Hoof van Sy Liggaam, die Kerk (Kolossense 1:18), en Hy “is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Die oorspronklike Christenskap van Christus bly geestelik aktief en vervul die opdrag wat Hy aan Sy kerk gegee het. Dit is nodig dat u na die oorspronklike, Bybelse Christelikheid soek en die Ware Kerk van Christus vind.

Velde van Vlaandere en die vallei van droë bene

Deur Jonathan Riley

In die lente van 1915 het Luitenant-Kolonel John McCrae die gewondes verpleeg na die Tweede Slag van Ieperen [Ypres] in België. Die was die eerste geveg waarin gifgas as oorlogswapen gebruik is. McCrae, 'n gevestigde geneesheer, was self blootgestel aan die gas en die chloor en het sy asma baie vererger. Die *1st Canadian Division* het daarin geslaag om 'n gedeelte van die loopgraaf in die Ieperen-strook te verower – 'n gebied aan die buitewyke van Ieperen wat van groot strategiese belang was vir die Westelike front. Hierdie afdeling het geskiedenis gemaak en was die eerste voormalige koloniale mag wat 'n Europese moondheid in Europa verslaan het. Ek onthou toe ek as jong tiener die velde van Ieperen besoek en geluister het hoe ons Kanadese toergids verduidelik wat die nalatenskap van die Kanadese magte en hulle gewaagde heldedade in die haglike dooiepunt van loopgraafoorlogvoering was.

Die gewondes word gered en gesneuweldes word vereer

John McCrae wat in 1872 in Guelph, Ontario gebore is, was 'n skrywer, digter, chirurg en professor in geneeskunde en 'n kunstenaar. Hy het voorheen – tydens die Boereoorlog – in die Kanadese gewapende magte gedien en was in sy vroeë veertigerjare toe Brittanje aan die begin van die Eerste Wêreld-

oorlog, oorlog teen Duitsland verklaar het. Hy het onvoorwaardelik aangesluit en terwyl hy 'n mediese beampte by Ieperen was, het hy die tragiese bloedbad van oorlog aanskou, wat gelei het tot die papawerbedekte velde wat met grafmerkers besaai is. Na die dood van 'n jong vriend het hy die bekende Engelse gedig “In Flanders fields” geskryf (In die Velde van Vlaandere). [Die tema van die gedig is dat dié wat bly leef, sal voortgaan met die geveg teen die vyand anders het die ander soldate tevergeefs gesneuwel.]

*In Flanders fields the
poppies blow
Between the crosses, row
on row,
That mark our place; and in
the sky
The larks, still bravely
singing, fly
Scarce heard amid the guns
below.*

*We are the Dead. Short
days ago
We lived, felt dawn, saw
sunset glow,
Loved and were loved, and
now we lie
In Flanders fields.*

*Take up our quarrel with the
foe:
To you from failing hands we
throw
The torch; be yours to hold it*

high.

*If ye break faith with us who
die*

*We shall not sleep, though
poppies grow*

In Flanders fields.

Bykans 6,000 Kanadese het hulle lewens verloor tydens hierdie veldslag buite Ieperen en baie van hulle het 'n pynlike dood gesterf nadat hulle die chloorgas ingesam het. Tog is dit net 'n metaforiese traandruppel in die see van tranes van die Eerste Wêreldoorlog se sterfgevallen omdat 9.7 miljoen militêre personeel na raming hulle lewens verloor het, benewens die 21 miljoen gewondes en 10 miljoen burgerlike sterfgevallen (“*World War 1 casualties*”, *Reperes*, 2011). Die Eerste Wêreldoorlog was 'n waterskeidingsoomblik in die mensdom se onstuimige geskiedenis van oorlogvoering en as gevolg van McCrae se gedig, het die rooi papawer die simbool van herinnering geword aan almal wat in die veldslag gesterf het. Wat daarop gevolg het, het egter baie ernstiger en wydverspreide gevolge gehad.

Die Spaanse Griep

Op 23 Januarie 1918 het luitenant-kolonel McCrae longontsteking en meningitis opgedoen nadat hy vir meer as drie jaar gedurende die oorlogstyd, die beseerdes en

Vervolg op bladsy 22

Om “u vyande lief te hê”

Deur Josh Lyons

In 'n wêreld wat met haat besmet is, openbaar Christus die genesing.

Hierdie wêreld ervaar van een dag na die volgende, dieper verdeeldheid. Met elke twiet, hoofopskrif en regsgeeding blyk dit dat vyandigheid tussen individue toeneem. Indien ons sien hoe politici, beroemdes en aktiviste al hoe meer name op hulle lyste van vyande byvoeg, kan dit ons dalk herinner aan sekere Bybelse leerstellings en lesse.

Een so 'n les kom direk van Jesus Christus af en Christene behoort daarna te streef om dit in elke aspek van die lewe toe te pas: *Dit is om ons vyande lief te hê*. Christene kan die wêreld verbeter en op hierdie manier die karakter van God die Vader en Jesus Christus weerspieël wanneer hulle daarna streef om volgens hierdie leerstelling te leef.

Die Bybel herhaal hierdie treffende beginsel verskeie kere. Een verhaal wat in Jesus se eie woorde opgeteken is, is Mattheüs 5:43-48:

Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: *Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;*

sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.... Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.

Indien dit toegepas word, sal hierdie paar sinne die *wêreld verander*. Die onlangse presidentsverkieping in Amerika, met soveel haat, negatiwiteit en gepaardgaande verdeeldheid, het die feit beklemtoon dat daar baie vyande in hierdie wêreld is – selfs binne landsgrense. Ongelukkig vind politieke partye, godsdienste, etniese groepe en hele lande dikwels dat hulle mekaar teenstaan met betrekking tot hulle denkwyses, oortuigings en ook hulle gedrag.

Om ware liefde te hê

In vers 43 herinner Jesus Sy gehoor aan die algemene manier van hoe die mensdom ander mense behandel – om “jou *naaste* lief te hê en jou vyand te haat”. Dit is die manier waarop die meeste vyande mekaar behandel, soos dit uit baie van die nuus blyk. Jesus sê daar is 'n ander manier – 'n beter manier.

Sy manier.

God die Vader en Jesus Christus se manier is om elke mens lief te hê. Die ware liefde van God is veel groter as 'n emosie – dit is 'n verbintenis om na die welstand van ander mense om te sien, ongeag hulle kleur, politieke party, godsdien, agtergrond of tot watter mate hulle met ons verskil.

Jesus sê om ons vyande lief te hê, beteken om hulle te seën, om, waar moontlik, aan hulle goed te doen en om vir hulle te bid. Basies beteken dit om in gedagte te hou dat selfs ons grootste vyande na God se beeld geskape is (Génesis 1:26). God voorsien hulle van die nodige sonskyn en reën, net soos Hy dit vir ons doen (Mattheüs 5:45). God wil hê dat elke mens gered word volgens Sy wil en tyd (1 Timótheüs 2:4; 2 Petrus 3:9).

Streef daarna om soos God te wees

Hierdie is een van die moeilikste aspekte van God se karakter om te volg. Nadat Hy die beginsel van liefde vir 'n mens se vyande verduidelik het, sê Jesus in Mattheüs 5:48, “Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.” Hierdie eienskap om ander, selfs *vyande*, lief te hê, word gelykgestel aan volmaaktheid soos God s'n. Dit is duidelik dat dit 'n hoë standaard is – een van

die hoogste wat ons as volgelinge van Christus kan bereik. Die moeilikheidsgraad maak nie regtig saak nie. Jesus sê dat die weg na die ewige lewe moeilik sal wees maar het ons aangesê om dit in elk geval na te streef (Matthéüs 7:13-14).

Die onlangse verkiesing, asook baie ander wêreldkwessies het die intense verdeeldheid tussen baie mense, na vore gebring. Ons leef in die eindtyd en Jesus sê dat wetteloosheid – sonde – sal

toeneem, wat die liefde van baie mense sal laat verkoel (Matthéüs 24:12). Paulus het gesê dat mense teen die eindtyd liefdeloos en brutaal sou wees (2 Timótheüs 3:3). Hierdie profesieë word in ons daaglikse hoofopskrifte vervul. Dit is die gevolge van Satan se manier.

Jesus het ons egter 'n baie beter manier, wat Paulus "n uitnemender weg" noem (1 Korinthiërs 12:31) geleer en wat gebaseer is op God se goedertierenheid. God het

Christene nie geroep om die regerings van hierdie wêreld te verander deur middel van politiek, stemmery of protes nie. In plaas daarvan wil Hy hê dat ons in Sy Seun se voetspore volg deur die regte voorbeeld te stel. Om dit te kan doen, moet ons God se Wet van liefde gehoorsaam en daarna streef om volgens sommige van Jesus se kragtigste woorde te leef: *Wees lief vir julle vyande, seën hulle, doen goed aan hulle en bid vir hulle.* **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 20 – Velde van Vlaandere en die vallei van droë bene

sterwendes medies versorg het. Dae later het die Spaanse griep-pandemie uitgebreek. Gedurende die volgende twee jaar het byna 50 miljoen mense gesterf as gevolg van daardie dodelike uitbraak. Daar is bronne wat beweer dat hierdie syfer 'n drastiese onderskatting is ("*Updating the accounts: global mortality of the 1918-1920 'Spanish' influenza pandemic,*" *National Center for Biotechnology Information*, 2002). Teen 1920 was die totale sterftesyfer van die Eerste Wêreldoorlog en daaropvolgende griep ongeveer 8% van die destydse wêreldbevolking (gebaseer op die hoogste geskatte sterfgevälle vir die Eerste Wêreldoorlog en die Spaanse griep – onderskeidelik 40 miljoen en 100 miljoen gevälle – en 'n geskatte wêreldbevolking van 1,8 miljard).

In Kanada, 'n land met 'n bevolking van ongeveer 8 miljoen ten tye van die uitbreek van die oorlog, is bykans 61,000

mense in die gevegte dood en 50,000 het na raming gesterf as gevolg van griep ("*The Cost of Canada's War*", *War Museum.ca*; "*1918 Spanish Flu in Canada,*" *The Canadian Encyclopedia*, 19 Maart 2020). Die oorgrote meerderheid van hierdie slagoffers was jong, gesonde manne van wie baie die belangrikste broodwinners vir hulle gesinne was. Die gesamentlike gevolge van die virus en die oorlog sal nooit werklik bepaal kan word nie.

Gelukkig het die gebeure van die een-en-twintigste eeu, met inbegrip van die COVID-19-pandemie nog nie tot die massa sterfgevälle van die vroeë twintigste eeu gelei nie. Ons toekoms hou egter dieselfde somber realiteite van pyn, hartseer, dood en opoffering in. Die Bybel en spesifiek die boek Openbaring, voorspel verwoestende konflikte en verterende siektes. Sulke lyding is die hartseer resultaat van die mensdom se individuele en

gesamentlike besluit om sêlf te kies hoe ons wil leef en om ons eie reëls te maak wat betref sosiale beperkings en openbare orde.

Die vallei van dorre bene

Ons moet erken dat ons nie oor die versienheid beskik om aan al die gevolge van ons optrede te dink wanneer ons, selfs met die beste bedoelings, afdwaal van die Handboek wat deur ons Skepper aan ons gegee is nie. Soos die geskiedenis homself herhaal, sal dit ook wees met die siektes en konflikte van die twintigste eeu. Tog vind ons 'n profesie in die boek Eségiël wat die lig van hoop laat skyn aan die einde van die spreekwoordelike tunnel.

DIE hand van die HERE was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van die HERE en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene. En Hy het my by

Vervolg op bladsy 26

Vrae & Antwoorde

Waarom was dit nodig dat Jesus gedoop word?

Vraag: Wat was die betekenis van Jesus se doop? In Matthéüs 3:16 lees ons dat toe Johannes vir Jesus gedoop het, die Heilige Gees “soos 'n duif” op Hom neergedaal het. Is dit toé dat Jesus Christus, as 'n mens, die eerste keer die inwonende Heilige Gees ontvang het?

Antwoord: Hierdie foutiewe opvatting met betrekking tot Jesus se doop is baie algemeen en word gereeld deur diegene uitgespreek wat in die valse leerstelling van “aanneming” glo – die idee dat Jesus nie die Seun van God was voordat Hy gedoop was nie en wat Jesus Christus se voorafbestaande ewige teenwoordigheid binne die Godheid wil ontken of geringag.

Jesus Christus bestaan as die *Logos* – die “Woord” – reeds van die heel begin af (Johannes 1:1). Hierdie selfde Goddelike Wese het “vlees geword” en na die aarde gekom – die Skrif benadruk die idee dat Jesus nie volkome mens was nie, as die “Antichris” (1 Johannes 4:3; 1 Timótheüs 3:16). Tog maak die Skrif dit ook duidelik dat Jesus Christus na die aarde sou kom as “God met ons” (Matthéüs 1:23; vgl. Jesaja 7:14).

Hoe kan Jesus 'n mens gewees het wat na vore gekom het om gedoop te word, maar tog ook “God met ons” is? Om hierdie feite met mekaar te versoen sal ons nie net help om te verstaan hoe en wanneer en waarom Jesus Christus die Heilige Gees ontvang het nie; dit sal ons selfs help om iets oor Sy aard te verstaan – 'n onderwerp wat heeltemal verkeerd verstaan word in die hoofstroom “Christendom”.

Ons weet uit die Skrif dat Jesus uit 'n maagd gebore is en dat Hy deur die Heilige Gees verwek is (Jesaja 7:14; Matthéüs 1:20). Tog, hoewel die *Logos* God was, het Hy Sy Godheid vrywillig prysgegee om Homself te ontledig van Goddelikheid, wat bekend staan as Sy *kenosis* (Grieks vir “leegmaak”) – om 'n menslike wese te word (Filippense 2:5-7). Ja, toe Jesus Christus 'n man was, was Hy regtig 'n mens en toe Hy gesterf het, was hy drie dae en drie nagte in die graf voordat Sy Vader Hom tot die ewige lewe opgewek het.

Let daarop dat Jesus, regdeur Sy hele bediening, dit herhaaldelik duidelik gemaak het dat Sy Vader groter was as Hy (Johannes 14:28). Christus het nie beweer dat Hy Self enige wonderwerke gedoen het óf dat Hy Sy leerstellings op eie gesag aanbied nie; in plaas daarvan het Hy

duidelik na Sy Vader gewys as die Bron: “Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke” (Johannes 14:10). Die Skrif toon dat daar soms perke was van wat die Vader die menslike Jesus Christus gemagtig het om te bereik, soos toe Hy gekonfronteer was deur ongelowiges wat Hom bloot as Maria se seun, die skrynerker, geken het. Let op hierdie relaas van Sy besoek aan Nasaret: “En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het” (Markus 6:5).

Waarom het Jesus dus na Johannes die Doper gegaan om gedoop te word? Johannes – wie se opdrag dit was om die weg voor te berei vir Jesus se bediening (Matthéüs 3:1-3) was self verbaas en het vir Jesus gesê: “Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe? Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit toe nou, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul” (Matthéüs 3:14-15). Ons Christene het onself daartoe verbind om ons Verlosser se lewe na te volg (1 Johannes 2:6; 1 Petrus 2:21). Daarom stel Jesus Christus 'n volmaakte voorbeeld om ons te help sodat ons kan weet hoe om te voldoen aan God se regverdige wil en plan vir ons lewens. Daardie voorbeeld sluit die doop in.

Anders as die hedendaagse Christene, wat deur die Heilige Gees verwek is na bekering en die waterdoop, het Jesus Christus – wat geen sondes gehad het waarvan Hy Hom moes bekeer nie – die inwonende Heilige Gees ontvang vanaf die oomblik van Sy konsepsie. Hy was Immánuel – God met ons, die Woord wat vlees geword het (Johannes 1:14). Mateloos gevul met die Heilige Gees (Johannes 3:34), het Hy 'n volmaakte, heilige en regverdige lewe gelei, selfs nog voor die begin van Sy bediening. Johannes het net met water gedoop, maar met Jesus se doop, wat die voorbeeld gestel het vir almal wat sou volg, het God 'n teken gegee – die Gees wat neergedaal het “soos 'n duif” – wat aandui dat Jesus se volgelinge nie net met water gedoop sal word nie, maar ook met die Heilige Gees. Dit is die betekenis van Jesus se doop deur Johannes. **WFM**

Die werke van Sy hande Ingestel vir aanbidding

Deur Bryan Fall

Etlieke duisende jare gelede het 'n jong skaapwagter alleen in die veld onder 'n helder verligte naghemel gesit. Hy het opgekyk na die sterverligte uitspannel en was diep ontroerd. Dit was dalk tydens so 'n nag dat hy aan die volgende gedink het: “As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” (Psalm 8:4-5).

Hierdie skaapwagter was vir groot dinge bestem – as die toekomstige koning van Israel – maar tog het hy nooit uit voeling geraak met hierdie vroeë gewaarwording van verwondering toe hy gemediteer het oor God se grootsheid en sy eie relatiewe kleinheid nie. Veral op daardie rustige nag was die jong Dawid met ontsag vervul.

Ons woord “ontslag” kom oorspronklik uit die veertiende eeuse Engelse term *awe* en beteken “vrees, verskrikking, groot eerbied” (“*awe (n.)*,” *EtymOnline.com*). Vandag beteken dit 'n gevoel van uitgestrektheid, verwondering, bewondering of inspirasie. Ontslag (*Awe*) was veral vir evolusionêre wetenskaplikes 'n raaisel. Hoewel dit so sterk by mense ontwikkel is, lyk dit nie asof ontsag meer enige ooglopende doel dien nie. Ons

by die *Wêreld van Môre* verstaan dat 'n Meester-Skepper ons wêreld se hoogs komplekse vorms en hulle funksies ontwerp het asook met 'n begrip van emosies en gevoelens wat selfs meer ingewikkeld is. Al is dit onderhewig aan misbruik en manipulasie is ontsag (*awe*) in ons neurale strukture ingeweeft vir 'n doel. Ons is *ingestel* vir ontsag en daarom ook bedraad vir aanbidding van ons God. Soos ons sal sien, is ontsag iets wat ons vandag in ons Christelike lewenswandel kan aankweek.

Ontslag en invloed – verlede en toekoms

In haar artikel, *What Awe Looks Like in the Brain* haal dr. Summer Allen 'n studie aan wat deur Michiel van Elk van die Universiteit van Amsterdam gedoen is. Hy en sy kollegas het van funksionele magnetiese resonansie-beelding (MRB) gebruik gemaak om die verskillende breine van deelnemers wat na video's kyk, waar te neem. Die video's wat gekies was om ontsag in te boesem, verminder breinaktiwiteit in areas van die standaardmodusnetwerk (*default mode network*) (DMN), 'n breinstelsel wat veral aktief is wanneer ons gedagtes dwaal of wanneer ons diep in gedagte is. Dr. Allen som

op: “Met ander woorde, ontsag kan dalk help om te verhoed dat ons gedagtes in beslag geneem word deur ons probleme en ons daaglikse spanning. In plaas daarvan lyk dit asof ontsag ons aandag van onself aftrek en ons bewus maak van ons omgewing en die groter wêreld (wat kan help om die neiging tot vrygewigheid en 'n gevoel van verbintenis met ander mense te verklaar). Om DMN-aktiwiteit te demp, kan die sleutel wees om ons 'n gevoel te gee dat ons bo onself uitstyg” (*Greater Good.Berkeley.edu*, 18 Oktober 2019).

Private besighede werk toenemend saam met die neurowetenskap om die ervaring van ontsag te bestudeer en te bepaal vir winsbejag. Baie ondernemings sien ontsag as 'n wenslike manier om verbruikers te prikkel en hulle kan dit doen deur van elektroniese media, virtuele skynwerklikhede en visuele effekte gebruik te maak. Selfs Cirque du Soleil [’n werklike sirkus] het op die soustrein gespring en werk saam met neurowetenskaplikes om gehore se reaksies op hulle optredes te bestudeer. Hulle bepaal faktore met inbegrip van gehore se gedrag voor en na vertonings, invloed op hartspoed, breinaktiwiteit en sweetklier-reaksies as gevolg

van byvoorbeeld spanning (“*Cirque du Soleil and the neuroscience of awe*,” *Vox.com*).

Word hierdie neurobiologiese verskynsel meer gereeld gemanipuleer as wat ons besef? Kan ontsag onderskep word deur “invloedryke mense”? Miskien selfs deur 'n bose politieke of godsdiensteleier? Bybelprofesieë openbaar dat daar in die eindtyd 'n charismatiese leier sal wees wat groot invloed sal uitoefen op massas mense en hulle sal oorreed om hom te eerbiedig. 2 Thessalonicense 2 waarsku ons teen 'n vals profeet wat groot wonders en tekens sal doen, homself goddelik sal verklaar en aanbid sal word. Lees ons gratis boekie *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?* om meer hieroor te leer.

Wie het denkvermoë soos God?

Die apostel Paulus, die man wat aan die Thessalonicense geskryf het, het ontsag goed verstaan. Paulus wat opgelei was deur sy mentor Gamaliël, 'n vooraanstaande godsdiensteleer, het 'n groot deel van sy jeug en vroeë volwassenheid deurgebring deur die Skrif te bestudeer. Met 'n geweldige hoë agting vir die God-geïnspireerde Woord, het Paulus gevoel dat die waarhede daarvan diep weerklink vind in sy hart en denke. Hy het 'n weldeurdragte illustrasie van ontsag gedemonstreer: “o, Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy

weë!” (Romeine 11:33).

Hier illustreer Paulus die eerste stap om ontsag in te boesem in ons aanbidding: *Peins oor God se grootheid in omvangrykheid en merkwaardigheid en belangrikheid*. Paulus se uitroep van “o Diepte van die rykdom ...!” verwys na waarheid wat nie menslik begryp kan word nie. Hierdie “wysheid en kennis van God” is so diepsinnig dat selfs die engele dit nie verstaan nie (1 Petrus 1:12). Paulus was goed vertrouwd met die Skriftuurlike ondersoek na God se verborgenhede en was met ontroering vervul deur die onpeilbare dieptes daarvan, wat nie volledig in 'n leeftyd deurgrond sou kon word nie.

Goddelike beraadslaging word nie net gekenmerk deur diepte en hoogte nie, maar ook deur breedte en lengte (Efésiërs 3:18). Geen mikroskoop kan die besonderhede daarvan uitpluis nie. Geen teleskoop kan die lengte en breedte daarvan openbaar nie. Geen MRI kan die innerlike werking daarvan waarneem nie. Geen mensgemaakte instrument kan sy dele en stukke uitmekaar haal nie. Menslike wesens kan nie deur hulle eie krag die waarheid uitmekaar haal of weer aanmekaar sit nie.

Paulus gebruik die woord “rykdom” [Efésiërs 3:16] om 'n oorfloed van dit wat kosbaar en waardevol is te openbaar. Die rykdom van die mensdom, in vergelyking met dié van God, het geen diepte nie. Die “bodem” van menslike rykdom word te vinnig bereik, en slegs neerslagtigheid en teleurstelling is

die gevolg. God se rykdom is egter “diep” en Sy oordele is 'n groot watervloed” (Psalm 36:7).

In ons era van geweldige wantroue in die media, lyk dit asof die waarheid meer ontwykend is as ooit tevore. Die geskiedenis is te dikwels plooibaar en word aangepas om die huidige politieke agenda te pas. Ons moet alle bronne van inligting, nuusverklarings en selfs regeringsamptenare met 'n ongekende groot mate van agterdog en wantroue bejeën. Daar is net een duidelike, sekere, onfeilbare standpunt – slegs Een wat alle dinge begryp wat daar is, altyd was en altyd sal wees. Soos die Psalmdigter sê: “Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie” (Psalm 139:6).

Hoe kan dit tog wees? “Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?” (Romeine 11:34). As 'n natuurlike uitvloeisel van die oordenking van God se vele eienskappe, bevraagteken Paulus die gestalte van die mens en sien wat ons almal uiteindelik moet sien: *God is groot. Ek is klein*. Paulus illustreer hierdie tweede stap om ontsag deel van ons aanbidding te maak. *Vergelyk God se ontsaglikheid met ons nietigheid*. Job het dit verstaan toe hy uiteindelik God se ontsagwekkende krag en luisterryke grootsheid erken het en kon uitroep: “... So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. Hoor tog, en

ek sal spreek; ek sal u ondervra en onderrig U my" (Job 42:3-4).

Ons Godgegewe vermoë om ontsag te betoon, bestaan as gevolg van doelbewuste ontwerp. Dit is ontwerp deur 'n Skepper wat 'n verhouding wil hê met elke mens wat Hy geskape het. Ongelukkig het bese invloedrykes hierdie neurobiologiese meganisme misbruik. Volgens Bybelse profesieë gaan 'n eindtydse valse godsdiens-

leier, wat ongelooflike mag sal soek, dieselfde doen. Indien dit egter reg gebruik word, is ontsag 'n gawe van God. Net soos die menslike spraakorgane voorsiening maak vir sinvolle kommunikasie tussen 'n man en sy vrou, stel die meganismes wat aan ons die vermoë gee om ontsag te betoon, ons in staat om die betekenisvolle maniere te waardeer waarop ons grote God met ons kommunikeer en

ons leer om Hom in nederigheid te nader.

Koning Dawid sal weer leef. In die Skrif word hy beskryf as 'n koning wat onder Jesus Christus in die duisendjarige Koninkryk op aarde, sal dien (Jeremia 30:9). Ontslag, gelei deur die Waarheid, sal ons help om die pad te loop wat na daardie Koninkryk sal lei. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 19 – Wat het van die Christelikheid van Christus geword?

Teen die vierde eeu n.C. het verskillende groepe aanspraak gemaak op die naam van Christelikheid terwyl hulle nie-bybelse leerstellings aange neem en vervalste denominasies geword het. In werklikheid het die "afval" of "opstand" wat in u Bybel beskryf word, reeds in die eerste eeu begin (2 Thessalonicense 2:3). Die apostel Paulus skryf: "Want die verborgenheid van die onge regtigheid is reeds aan die werk"

(2 Thessalonicense 2:7).

Ware Christelikheid hoef nie vir u 'n raaisel te bly as u u Bybel bestudeer en die leerstellings daarvan volg nie. Wil u die Jesus Christus van die Bybel, Sy oorspronklike leerstellings en Sy lewenswyse volg? Hy sê vir ons in Lukas 4:4: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God." Jesus het dit gesê toe die Nuwe Testament *nog nie geskryf was* nie. Hy het gepraat van wat ons

vandag die Ou Testament noem. Indien u volgens elke Woord van God gaan lewe, is dit nodig dat u die *hele* Bybel, wat uit die Nuwe en Ou Testament bestaan, lees en gehoorsaam!

Dus, wat sal u kies? Die Christelikheid van u Bybel, of 'n valse godsdiens wat heidense vakansiedae en wetteloosheid aanmoedig? Dit is nodig dat u die Waarheid soek! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Velde van Vlaandere en die vallei van droë bene

hulle laat verbygaan na alle kante toe; en kyk, daar het 'n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor. Toe sê Hy vir my: "Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: Here HERE, U weet dit" (Eségiël 37:1-3).

Die profesie wat net hierop volg, sien uit na 'n tyd wanneer alle slagoffers van die mensdom se rampspoedige selfregering

uit die grond sal opstaan en weer sal leef – ook daardie manne vanuit die papawerbedekte velde rondom leperen. Dan, soos ons lees in Eségiël 37:6, sê God: "Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word."

Wat is die glorieryke resultaat van hierdie profesie? "En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE,

dit gespreek en gedoen het" (vers 14). Alle mense sal hulle Skepper ken en uiteindelik 'n kans kry om volgens Sy lewenswyse te leef en nie meer die slagoffers van sonde en die lyding wat dit meebring, te wees nie.

Indien u 'n bietjie goeie nuus wil hoor, het u dit nou! Die lyding van die huidige tydperk sal binnekort tot 'n einde kom en vervang word met lewe – oorvloedige lewe tot in alle ewigheid! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

meer behels as die kansellasië van skuld – dit beoog 'n algehele verandering.

Weereens is die groot vraag, of iets wat elke land in die wêreld kan beïnvloed, menslik gesproke, ooit deurgevoer sal kan word. Soos dit egter verduidelik word in 'n artikel deur Dexter Wakefield, ondersteun bekende en invloedryke mense die Groot Herstelling en wanneer dit 'n beter tyd is om die wêreld te “herstel” as juis nou, wanneer nasies steier onder die ekonomiese uitwerking wat deur COVID-19 teweeggebring is. Volke is ook erg verdeeld en sosialistiese idees vind selfs 'n vastrapplek in die Verenigde State.

Bewerings van bestaansrisiko

Klimaatverandering is sentraal tot 'n aansienlike deel van die Groot Herstelling en die noodsaaklikheid om “die planeet te red” terwyl ons nog tyd het. Ongeag of die mensgemaakte klimaatverandering 'n werklikheid is en of dit een van die grootste skelmstreke van alle tye is, is ietwat debatteerbaar aangesien die idee daarvan reeds aan 'n groot deel van die wêreld verkoop is. Die waarskuwingsligte neem toe en volgens diegene wat dié idee bevorder, is die tyd min, wat groter dringendheid aan die Groot Herstelling verleen. Let op hierdie onlangse berig in die *Washington Post*:

Die klimaatshorlosie wat deur die kunstenaars, Gan Golan en Andrew Boyd onthul is, het op Maandag om 13:30 gewaarsku dat – gebaseer op die huidige uit-stralingsyfer – daar nog sewe jaar, 101 dae, 17 uur, 29 minute en 22 sekondes oor is totdat die aarde se koolstofbegroting uitgeput is. (“*How long until it's too late to save Earth from climate disaster? This clock is counting down*”, *The Washington Post*, 21 September 2020).

Wow! Teen die tyd dat u hierdie tydskrif ontvang, sal daar volgens hierdie verslag minder as sewe jare oor wees voordat menslike bestaan,

soos ons dit ken, gedoem sal wees! (Hier speel dramatiese musiek.)

Dié van ons wat egter al 'n bietjie langer leef en verder terug kan onthou – nog voor dít wat 'n Sweedse tiener by die Verenigde Nasies kwytgeraak het – kan ook die bekommernis oor “aardverkoeling” in die 1970's onthou en dit 'n dekade of twee later op een of ander manier weer na “aardverwarming” verander het en hoe dit uiteindelik verander het in “klimaatverandering” om alle gebeurlikhede te dek. Hou ook in gedagte dat daar telkens verkondig is dat rampspoed ons binne tien jaar sou tref tensy daar drastiese stappe geneem word.

Natuurlik verander die aarde se klimaat wel; ons het tye van ystydperke gehad toe 'n groot deel van die Noordelike Halfrond met ys bedek was. Dan was daar rondom 1,000 n.C. 'n tydperk van aardverwarming. Dit is gevolg deur die “Klein Ystydperk” – wat mislukte oeste, hongersnood, siektes, sosiale oproer, vele kulturele veranderings en selfs beduidende geopolitieke veranderings veroorsaak het. Indien die mensdom besig is om onomkeerbare skade aan die aarde se klimaat te berokken en ons nog net sewe jaar oor het om op te tree, is ons inderdaad in ernstige moeilikheid. Die punt is egter dat klimaatverandering, ongelykhede in inkomste, die ekonomiese krisis wat ver-bysterende private en openbare skuld meegebring het as gevolg van COVID-19, verskriklike nasionale verdeeldheid en die verwagtings wat die samelewing koester – *al hierdie dinge* – oproepe vir drastiese optredes aanhits. In tye soos hierdie kan radikale beleidsveranderings plaasvind en hoewel sulke veranderings aanvanklik goed mag lyk, eindig dit nie altyd goed nie.

Die *Wêreld van Môre* het nog altyd ons lesers aangemoedig om op die uitkyk te wees vir wanneer Europa na vore tree as leier van die wêreld se magstrukture om sodoende die lande van die Anglosfeer se plek in te neem. Ons weet ook dat daar 'n kort tydperk van voorspoed sal wees teen die eindtyd (Openbaring 18-19). Die

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

Groot Herstelling kan moontlik die begin van daardie transformasie wees, of dit kan nóg 'n mens-uitgedinkte poging wees wat net as *aansporing* sal dien tot 'n volgende meer suksesvolle een. Die tyd sal leer, maar die Groot Herstelling is iets om dop te hou. Iets dramaties gaan tien leiers bymekaarbring onder die gesag van 'n charismatiese, wêreldse leier om, wat die boek Openbaring "die dier" noem, te vorm en die leier van daardie mag sal met 'n invloedryke godsdienstige leier saamwerk

(Openbaring 13; 17). Hetsy deur die Groot Herstelling of op 'n ander manier, kan u dit moontlik in u leeftyd beleef. Maak dus seker dat u die verwickelings in Europa en die Midde-Ooste volg in die bladsye van die *Wêreld van Môre*.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**